NG Gemeente Hartenbos
SKYN JESUS SE LIG

**NG Gemeente Hartenbos se logo**

Die logo van die NG Gemeente Hartenbos spreek dadelik tot iemand wat al in Hartenbos was. ’n Beeld van sonskyn, golwe, mense wat baljaar en seevoëls sal beslis resoneer met al die vakansiegangers wat jaarliks ons dorp besoek.

Sentraal in die figuur staan ’n kruis, die universele simbool van Christus se kruisdood wat spreek van liefde, genade en versoening. Dit staan ook sentraal in ons geloof, ons belydenis en godsdienspraktyk.

Die golwe spreek eweneens deur die Skrif tot ons. Regdeur die Bybel is water ’n simbool van lewe, reiniging en die Heilige Gees. In hierdie gemeente spoel die water van ewige lewe en seën soos golwe oor ons. Die golwe nooi ons uit om die oseaan van God se liefde en genade te beleef.

Die son is ’n teken van Jesus se lig wat duisternis verdryf en wat groei en lewe gee. Dit roep ons op om Jesus se lig te skyn deur sy liefde, gesindheid en voorbeeld teenoor almal uit te leef.

Daar is twee mensfigure in die logo, hande in die lug en klaarblyklik in ’n jubelende houding. Dit projekteer ’n lewensingesteldheid van vreugdevolle gemeente-wees. Dit vertel ook van ons diversiteit en inklusiwiteit, asook die verskillende generasies wat hierdie gemeente hulle tuiste noem.

Die voëls is inderwaarheid swart tobies, ’n endemiese spesie wat amper-bedreigde status het. Hulle voortlewing vir die nageslag is daarvan afhanklik dat die mens sy bewaringsopdrag in die Bybel nakom en die omgewing koester. Hier wys hulle op ons gemeente se omgewingsbewustheid en verantwoordbaarheid teenoor die skepping, as deel van ons opdrag.

Die logo weerspieël ’n vreugdevolle gemeente wat Jesus lief het en daartoe verbind is om sy lig te laat skyn in ons gemeenskap.